

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
19 Februarie 1978

Onderwerp: Tot 'n val en opstanding van baie

Lees: Lukas 23 verse 33 tot 43

Teks: Lukas 23 verse 39 tot 43

Sing: Psalm 118 verse 11 en 13
Gesang 57 vers 4

“Toe die gryse Simeon die Kindjie Jesus in sy arms geneem het, het hy aan Maria sy Moeder gesê: ‘Kyk, hierdie Kind is bestemd tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word’. (Luk 2:34)

“Hierdie profetiese woorde het reeds gedurende Jesus se aardse omwandeling in vervulling gegaan. Vir sommige was Hy tot 'n val en vir ander tot 'n opstanding. Vir die een 'n reuk van die lewe tot die lewe en vir die ander 'n reuk van dood tot die dood.

“Jesus se dissipels en baie ander het deur Hom opgestaan uit die dood van die sonde tot 'n nuwe lewe. Daarenteen het die Fariseërs en Skrifgeleerdes oor Hom geval as 'n steen van aanstoot en 'n rots van struikeling. Hy was vir die veragte tollenaar en die skuldige sondaar 'n voorwerp van geloof en aanbidding. Maar vir die blinde owerpriester was Hy 'n voorwerp van haat en bespotting. Terwyl sommige oor Hom bely het dat Jesus Christus die Seun van God was, het ander na aanleiding van sy woorde gesê: ‘Hierdie woord is hard, wie kan daarna luister?’ (Joh 6:60)

“Simeon se woorde het nog duideliker in vervulling gegaan op Golgota, waar daar drie kruise gestaan het. Drie persone was besig om daar te sterf. Een van hulle het daarmee die saligheid vir sondaars verdien. Een het daar hierdie saligheid ontvang en die ander het dit verwerp. Die een misdadiger het die Seun van God daar belaster, terwyl die ander een Hom aanbid het. Die een het spottend na die oord gegaan waar die wurm nooit sterf nie, terwyl die ander biddend die poorte van die paradys binnegegaan het.

“Daar het op Golgota 'n drievoudige krag tot openbaring gekom.

“Die krag van die sonde: Weerskante van Jesus het twee kwaaddoeners gehang wie se lewens getuig het

van die krag van die sonde. Hulle is deur die samelewing as rowers en moordenaars gebrandmerk.

“Een van hulle het terwyl hy sterwende was, nog gespot. Al wat vir hom oorgebly het was smartlike lyding en uiteindelijke dood. Desnieteenstaande het hy gespot.

“Beproewing en die tugtigende hand van God bring die mens oor die algemeen nader aan God. Toe die deure van die gevangenis in Filippi oopgegaan het, het dit die tronkbewaarder in die stof gewerp. Vir die eerste keer in sy lewe het die vraag oor sy lippe gekom: ‘Menere, wat moet ek doen om gered te word?’ (Hand 16:30)

“En tog is daar diegene wat te midde van die felste géselslae onbewoë bly. Alhoewel hulle gebind is in bande van droefheid en krank is tot die dood toe, bly hulle onbekeerlik van hart. Is dit miskien waar vir u? Dat u te midde van die bemoeiinge van God in u lewe, al harder en ongevoeliger word?

“Hierdie man aan die kruis het naby Jesus gekom, en tóg verlore gegaan. Hy was besig om aan die kruis te boet vir sy lewe van gruweldade en sonde. Hy het as rower en moordenaar die kruisdood oor en oor verdien. Tog was sy misdade nie die ergste nie. Die Verlosser, wat hom van sy sonde kon verlos en ook ’n paradys van saligheid kon gee, het langs hom gehang. Maar, en dit is die ontsettendste van sy lewe, by hom was daar geen skulderkenning nie. Hy het saam met die ander gespot en sy hart in ongeloof verhard. Hy was naby Jesus en tóg verlore. Só groot is die mag van die sonde. Só geweldig is die greep wat sonde op ’n mens se lewe kan kry.

“Die ewigheid sal openbaar hoeveel mense in hulle aardse lewe naby, baie naby, God gekom het en tóg verlore gegaan het vanweë die krag van sonde. Kyk na die ryk jongman: ‘Maar hy het treurig geword oor dié woord en bedroef weggegaan, want hy het baie besittings gehad.’ (Mark 10:22) Óf dink aan Felix, die Romeinse goewerneur van Judea, wat byna deur die prediking van Paulus beweeg is om ’n Christen te word en tog die gesant van die kruis weggestuur het. Die mag van sonde was té sterk. Óf Agryppa, die agterkleinseun van Herodes die Grote, wat vir Paulus gesê het: ‘Jy beweeg my byna om ’n Christen te word.’ (Hand 26:28)

“Ons teks waarsku ons om rekening te hou met die mag van die sonde. Mag God ons oë open voordat dit te laat is.

“Die krag van die geloof: ’n Mens vra onwillekeurig waar was Petrus, wat tevore bely het: ‘En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God.’ (Joh 6:69) En homself bereid verklaar het om met sy Meester in die gevangenis, ja, selfs in die dood in te gaan? Die dissipels het jammerlik op die vlug geslaan. Dié wat wel op Golgota teenwoordig was, het soos die graf geswyg uit vrees vir die vyand.

“En tóg was daar een wat van die onskuld en heiligheid van Jesus getuig het. Ons lees: ‘Maar die ander een antwoord en bestraf hom en sê: Vrees jý ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? - ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon vir ons daade, maar Hy het niks verkeers gedoen nie. En hy sê vir Jesus: Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom.’ (Luk 23:40-42) Die krag van sy geloof het gesprek uit hierdie woorde. Let op die vrymoedigheid waarmee hy Jesus se Naam bely het.

“Is spot aansteeklik? Dit lyk asof dit op Golgota die geval was. Eers het die owerstes en die volk gespot; en toe die soldate. Uiteindelik het ook die medegekruisigdes meegedoen. Wat ’n antichristelike atmosfeer het daar nie op Golgota geheers nie. En tog was daar ’n man wat in daardie duiwelse atmosfeer die Naam van Jesus bely het.

“Dit is nie moeilik om in ’n kring van gelowiges die Naam van Jesus Christus te bely nie. Daarenteen spreek dit van ’n vrymoedigheid wat wortel in die krag van die geloof, om aan spotters, ongelowiges en vloekers te vra: Vrees julle nie ook God nie?

“Dit was ook betekenisvol dat hierdie man in hierdie omstandighede sy toevlug tot Jesus van Nasaret geneem het. Hy het eers sy skuld bely en toe gebid: ‘Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom.’

“Hy het Jesus ‘Here’ genoem. Hy het inderdaad met vleeslike oë die kruis gesien, maar met sy oë van geloof het hy ’n kroon gesien. Ja, sy geloof het ’n Koning gesien. Dit was asof hierdie kwaaddoener wou sê: Al is U die Man van smarte, U is nogtans die Here. Dink aan my Here. Hy het ook melding gemaak van Jesus se koninkryk, want hy het geglo dat die Seun van God ’n koninkryk het. Nie ’n aardse koninkryk, soos Jesus se dissipels verwag het nie, maar ’n hemelse en ewige koninkryk. Hy het dus by die vloekhout en die ope graf verby gekyk en ’n Vredevors gesien, aan Wie alle mag in die Hemel en op aarde gegee is. Daarin het die krag van sy geloof tot openbaring gekom.

“Twee vereistes is nodig om gered te word. Paulus het dit aan die Romeine beskryf: ‘As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word’. (Rom 10:9) Dit is opvallend dat hierdie misdadiger aan al twee vereistes voldoen het. Hy het eers met sy mond die Naam van Jesus Christus bely. En toe sy geloof in Jesus Christus, wat in sy hart was, uitgespreek. Het u geloof ook hierdie bestanddele? Indien wel, dan mag u daarop reken dat elkeen wat in Jesus Christus glo, nooit beskaamd sal word nie: ‘Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.’ (Rom 10:11)

“Die krag van die genade: Hierdie boetvaardige se redding het gekom sonder enige sprake van verdienste van sy kant. Ja, dit was enkel en alleen uit genade van God se kant.

“Jesus Christus het geswyg terwyl die ander rower Hom belaster het. Maar Hy het nie geswyg toe die boetvaardige sy toevlug tot Hom geneem het nie. Nee, toe het Hy geantwoord: ‘Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.’ (Luk 23:43)

“Jesus het hierdie belofte met ’n eed bevestig: ‘Voorwaar Ek sê vir jou’. Dit was nodig omdat Golgota aanstons in duisternis gehul sou wees. Hierdie man sou Jesus Christus weldra hoor roep: ‘My God, my God, waarom het U My verlaat?’ (Matt 27:46) En hy sou Jesus Christus sien sterf. Dit sou sy geloof geskud het. Dit alles moes ’n swaar toets en beproewing vir sy geloof gewees het. Daarom het Jesus met ’n ‘voorwaar’ sy belofte aan hom gemaak. Hy moes weet dat hy daarop kon reken. Dit het vas gestaan.

“Twee waarhede moet hier beklemtoon word. Die eerste is die absolute algenoegsaamheid van Jesus se soenoffer. Selde was iemand se verlede swarter, of iemand se sonde groter as hierdie man s’n. Daar was seker ook niemand wat ’n skraler geleentheid tot ’n lewe van dankbaarheid gehad het as juis hierdie man nie. Hy is nie gedoop nie en het nie belydenis van geloof afgelê nie. En tog is hy vrygespreek, nie op grond van wat hy nog wou doen nie, maar op grond van wat Jesus gedoen het.

“Die tweede waarheid is dat God se genade in Jesus Christus hier op Golgota ’n besonderse openbaring van God se liefde is.

“En die wonder van hierdie genade is dat dit ook vir u en my bedoel is.

“Amen.”